NUUSKRUMMELS

23 Januarie 2020

Foto: Johannes Plenio from Pexels

Geliefde Lourensrivierder

Ons almal het die Suidooster se krag die laaste week ervaar, tot Bok-radio se bootrit is deur dié woeste wind gepootjie. Die boot moes noodgedwonge anker laat sak en vir 'n paar dae in die hawe bly, terwyl die storm buite woed. Ten spyte die wind en weer het die vreugdevure op die Bokboot hoog gebrand en die program en optredes deur bekende Suid-Afrikaanse sangers het voortgegaan, soos beplan.
En in ons eie lewe...soms gooi die lewe se storms ons onderstebo, die rukwinde waai jou rond en ruk jou van jou voete af. Dit is dan wanneer jy anker moet gooi en vas moet staan. Bly geanker in jou storm-weer, dit sal verby gaan. Bly geanker in God.

– Riata Nel

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

- **Van die Woekerhoekie se lekker smulhappies word nou teen halfprys verkoop. Loer gerus in by die Kerkkantoor.**
- **'n Groot verskeidenheid varsgebakte, watertand-lekker koekies (wat tannie Anna met liefde gebak het) is nou by die woekerhoekie @ R25 'n pakkie beskikbaar.**
- **Net weer die nuwe kantoor-ure – finansies :**

2020 KERKKANTOOR-URE

FINANSIES:
Maandae: 09:00 – 12:30
Dinsdae tot Vrydae: 08:00 - 12:30.
Maak asseblief 'n afspraak vir besoeke na 12:30.
(021) 853-5991

ONTVANGS/ADMIN:
Maandae: 09:00 – 16:00
Dinsdae, Woensdae, Donderdae: 08:00 - 16:00
Vrydae: 08:00 - 13:00.

Januarie & Februarie

MAANDAE:

RAPHA VROUEGROEP (elke 2de Maandag)
Die Rapha Vrouegroep kom *Maandag 3 Februarie* om 19:00 by die kerk bymekaar. Kontak Jackie 0845052908.
Februarie: 3,17. Maart: 9,23.

DINSDAE:

VERITAS BYBELSKOOL
Veritas Bybelskool se Module 1&2 begin Dinsdag 4 Februarie. Koste is R450 per persoon. Kontak die Kerkkantoor vir meer inligting. (021) 853-5991 of admin@lourensrivier.co.za

WOENSDAE:

VERITAS BYBELSKOOL
Module 3&4 van die Veritas Bybelskool begin Woensdag 5 Februarie. Koste is R450 per persoon. Kontak die Kerkkantoor vir meer inligting. (021) 853-5991 of admin@lourensrivier.co.za

VROUEBIDUUR:
Die vrouebiduur begin Woensdag 5 Februarie om 09:00 in die moederskamer. Elke Woensdag.

SENIOR MANNE:
Die senior manne kom Woensdae om 08:00 in die moederskamer by die kerk bymekaar
Kontak die kerkkantoor vir meer inligting. (021) 853-5991

SNUFFELMARK
Woensdag 29 Januarie @ 12:00 by die kerk. (Elke laaste Woensdag van 'n maand). Kontak Gail Fourie 0837892190).

DONDERDAE:

GEBEDSKURSUS:
Die Gebedskursus is gratis en word elke Donderdagoggend om 09:00 by die kerk aangebied. Die kursus begin op 6 Februarie. Kontak die Kerkkantoor: (021) 853-5991 of stuur 'n epos na admin@lourensrivier.co.za.

VRYDAE:

SAKEMANNE: Vrydae 06:00 in konsistorie

MANNEBYEENKOMS by Smiley Oven Vrydae 05:30.
Nic Huisman 082 552 242.

SONDAE:

08:45 - Dinamiet Kiedz / Belofteland
09:00 - Diens
17:45 - Lifeline Jeug

KNIEWERK

- *Ds. Petrie vir sy boodskap.*
- *Ds. Petrie se ma, Ria de Villiers, is ernstig siek – Huis van Niekerk.*
- *Innige meegevoel met Carol Coetzee en gesin met die heengaan van haar man, Gerrie.*
- *Innige meegevoel met Hettie Marnewick en gesin met die heengaan van haar man, Manie, vroeg in Januarie.*

KOSKAS

Produkte wat benodig word vir die koskas.
ONTHOU *produk(te) hoef nie meer as R50 te wees nie.....*

ELKE BIETJIE HELP

Gebruik die Mannasakke in die mandjie by die kerkdeure:

- Pakkies sop en sakkies sop-mengsels.
- Blikkies vis & bief
- blikkies gemengde groente.
- Pakkies Soya Maalvleis
- 2 Minute Noodles.
- Spaghetti & Macaroni
- Klein pakkies suiker, koffie en tee.
- Poeiermelk & boksie melk.
- Toiletpapier, tandepasta, seep, sjampoe.
- Vroue-doekies.
- Skoonmaakmiddels.

KOSKAS:
Baie dankie aan elkeen wat reeds tot die koskas bygedra het.
Dit word opreg waardeer.

LOURENSRIVIER-STRAND GEMEENTE BIED AAN:

2020 GEBEDSKURSUS

Stuur asseblief 'n epos vir meer inligting na admin@lourensrivier.co.za

19 tot 25 Januarie 2020
Dit is die tweede week ná Epifanie

Inligting uit Leesrooster vir Lidmate – gebaseer op die kerkjaar (verkort)

- ♥ Rus in Psalm 40:11
- ♥ Lees die week se Fokusteks: 1 Korintiërs 1:1-9
- ♥ Ander tekste: Jesaja 49:1-7; Psalm 40:1-11; Johannes 1:29-42

1 Korintiërs 1:1-9

In die Korintiërs-korrespondensie fokus Paulus op die krisisse wat in sy afwesigheid in die gemeente in Korinte ontstaan het. Die inleiding en groet van die brief lei baie temas en sake in en wil atmosfeer skep. In Paulus se openingswoorde ontdek ons God oral: God se kerk, God se apostel, God se getrouheid. Te midde van menslike onenigheid en konflik herinner hy hulle aan die bron van alles, naamlik God se openbaring in Jesus Christus. Paulus bemoedig hulle deur hulle te verseker dat God se getrouheid groter as hulle ontrou is.

- ✝ Ons behoort aan God se kerk,
- ✝ Ons maak God sigbaar,
- ✝ Ons word verander deur God se roeping,
- ✝ Ons oriënteer ons daagliks,
- ✝ Ons roeping is ons begin en einde.

VIR VOLGENDE WEEK:
26 Januarie tot 1 Februarie 2020
Derde week ná Epifanie
Rus in Psalm 27:1, 4-9
Lees die week se fokusteks:
1 Korintiërs 1:10-18
Ander tekste:
Matteus 4:12-23; Jesaja 9:1-4

HELEN
DeWet-Krige

BA SPRAAKHEELKUNDE
EN OUDIOLOGIE

Sarel Cillierstraat 149, Strand, 7140

www.helendewetkrige.co.za
helendwk30@gmail.com
082 781 8391

Praktyk Nr 08200008203423
HPCSA Reg. Nr STA0003727

Kerk in Suid-Afrika

KOMMUNIKASIEBEAMPTE
(Bellville)

Die NG Kerk in Suid-Afrika (Sinode van Wes-Kaapland) nooi hiermee geskikte kandidate uit om aansoek te doen om die pos as kommunikasiebeampte. Die suksesvolle kandidaat moet die waardes en visie van die Sinode van Wes-Kaapland onderskryf, bemark en kommunikeer. 'n Aanvoeling vir die kerklike omgewing, sowel as ondervinding van die NG Kerk se strukture sal die aansoek versterk. Sterk kommunikasievaardighede en kennis van sosiale media is noodsaaklik.

Sluitingsdatum: Maandag 3 Februarie 2020 om 12:00

Besoek asseblief ons webblad by https://kaapkerk.co.za/ng-kerk-in-sa-kommunikasiebeampte-voldagpos/ vir die volledige advertensie en inligting oor die aansoekproses. (alternatiewe voorstel vir koppel:)

Navrae: Ronelda Visser by kommunikasie@kaapkerk.co.za of 083 273 3984 of Francois Herselman (voorsitter van die Sinodale Taakspan vir Kommunikasie) by fherselman1@telkomsa.net of 081 270 3226.

NUUS UIT DIE OMGEWING

BERG-EN-SEEKLUB vir Seniors

Die bekende teoloog en oud moderator van die Wes-Kaap en tans direkteur van die Sentrum vir Publieke Getuienis, **dr. Braam Hanekom**, praat op **Donderdag 6 Februarie** om 9.30 by Moedergemeente Andries Pretoriusstraat, Somerset-Wes.

Onderwerp: Om met humor en hoop die nuwe jaar (dekade!) te hanteer.
Die sopraan, Naomi Bell, tree ook op.
Almal is hartlik welkom.
Koste: R10 vir lede, R15 vir besoekers.

BYBELS BENODIG

Ongeveer 60 Bybels word benodig vir die Youth4Life groepies wat beplan word vir Dr. Joubert Primêr in Strand en Silukhanyo Primary in Solo. Die Bybels word self aangekoop om eenvormigheid te verseker, daarom word kontant donasies gevra waar moontlik. Die leerlinge doen blokkiesraaisels en woord-vasvrae. Besoek gerus die Facebook Blad @youth4life vir meer inligting en aktiwiteite. Kontak Hettie: 0621563872.

trap vir bybels cycle for bibles

CAPE TOWN CYCLE TOUR | Cape Argus | Pick n Pay | momentum
ROTARY • PEDAL POWER ASSOCIATION

Kom ry saam vir die Bybel span!

CAPE TOWN CYCLE TOUR | **8 MAART 2020**

HELP ONS OM 2 MILJOEN BYBELS IN DIE HANDE TE PLAAS VAN MENSE WAT NOG NOOIT EEN BESIT HET NIE.

Wie is ons?

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika verskaf reeds vanaf 1820 bekostigbare Bybels aan alle Suid-Afrikaners in hulle eie taal en in geskikte formate, sodat almal die lewegewende boodskap van die Woord mag ervaar. Ons visie is 'n Bybel vir elkeen – nie net vir diegene wat kan bekostig om 'n Bybel te koop nie. Ons doen dit deur die vertaling, vervaardiging en distribusie van die Woord van God in al 11 amptelike tale.

Hoekom Aktief vir Bybels wees?

Die Bybelgenootskap is 'n nie-winsgewende maatskappy, so ons maak staat op donateurs om ons te help om ons missie te vervul. Een van die maniere waarop individue ons kan help om fondse te genereer, is om deel te neem aan Trap vir Bybels, net een been van ons *Aktief vir Bybels* program. In enige van die groot wedrenne, is daar fietsryers wat vir Bybels ry.

trap vir bybels cycle for bibles

CAPE TOWN CYCLE TOUR | Cape Argus | Pick n Pay | momentum
ROTARY • PEDAL POWER ASSOCIATION

HOE SKRYF EK IN?

Ons het dit maklik gemaak vir jou om die 2020 Cape Town Cycle Tour vir Bybels te kan ry. Klik eenvoudig op (hou "Control" in):
https://online.entries.co.za/entries/jointeam.aspx?eid=4676&group=b8902495-d254-478f-a42b-2434cc0772d9
vul jou besonderhede by "click here" in en sluit so by ons aan!

Sodra jy registreer het, sal ons jou 'n faktuur vir betaling van jou inskrywing stuur, waardeur jy jou plek in die resies verseker.

Ons het die volgende pakkette beskikbaar:
Opsie 1: Gewaarborgde inskrywing + Donasie: *2 Miljoen Bybels Projek* = **R1 360**
Opsie 2: Gewaarborgde inskrywing + Donasie: *2 Miljoen Bybels Projek* + fietsry hemp = **R1 950**
Elke inskrywing sal ook 'n komplimentêre Bybelgenootskap geskenkpakkie ontvang.

Hierdie jaar se donasies gaan aan ons
2 Miljoen Bybels vir SA projek (meer info op ons webwerf)
www.bybelgenootskap.co.za

BESOEK ONS STALLETJIE BY DIE "LIFECYCLE EXPO" OM MEER OOR ONS UIT TE VIND!

Kontak Besonderhede:
Corné Basson: 021 910 8788 – basson@biblesociety.co.za

Amos Kaap-markte in Strand 2020:

- ✧ 01Februarie Koue Bokkeveld koördineer
- ✧ 07 Maart Wellington koördineer
- ✧ 04 April Villiersdorp/Worcester koördineer
- ✧ 09 Mei Amos Studente koördineer
- ✧ 06 Junie Citrusdal koördineer

VRUGTEMARK VAN ARBEIDSBEDIENING .

Datum: VRYDAG 24 JANUARIE

Plek: NG KERK STRAND. BIRKENHEADSTR 42 STRAND.

TYD: 8.30 – 11.00

Kom koop heerlike vars vrugte en groente vanaf Villiersdorp, Grabouw en De Doorns, asook al die gewone basaar gunstelinge. Kom geniet ook 'n koppie tee en versnapering in die teekamer.

Navrae: Jan van den Berg.

021-8531631 / 0768855533 / 0761347780

Toer saam 2020

Ds. Bas Peters
0828231762



13-DAG TOER NA ISRAEL, JORDANIË, PETRA, BERG SINAI & EGIPTE

VERTREK 16de SEPT. 2020 [E95XW]
KOSTE EX JOHANNESBURG

R39,900

(prys gebaseer op wisselkoers van: $1=R14.00)

Onder leiding van
Theo Swart & Bas Peters en gaste

Ingesluit:

- ➢ Retoer ekon. reisgeld Johannesburg/Tel Aviv (JHB/CAI/AMM/TLV/JNB)
- ➢ Lughawe en grens belastings asook brandstofheffing.
- ➢ Akkommodasie in top toeriste klas hotelle of Kibboets, (2 wat kamer deel)
- ➢ Twee buffet etes per dag. (Ontbyt en Aandete)
- ➢ Alle plekke van besienswaardigheid soos op reis program.
- ➢ Reis in luukse lugverkoelde bus.
- ➢ Vervoer tussen lughawens en hotelle in buiteland.

Nie Ingesluit nie:

- ➢ fooitjiegelde = $120
- ➢ Assuransie; (Groep Assuransie beskikbaar teen R35 p/d = R455 totaal) vir persone op tot 69 jaar en uitsluitende voorafbestaande siektes.
- ➢ Egiptiese & Jordaniese visa, waarmee ons sal help teen 'n minimale fooi.
- ➢ Aansluitingsvlugte vir persone wat na Johannesburg moet vlieg. Die toer begin en eindig op OR Tambo Internasionale lughawe.